**Budget Vote 37: Sport, Arts and Culture**

**Toespraak deur Veronica Van Dyk MP, DA DA Skadu-adjunkminister vir Sport, Kuns en Kultuur**

Agbare Voorsitter, lede van die Huis

Die DA wil eerstens Kirsten Neuschäfer gelukwens wat geskiedenis gemaak het deur die Golden Globe-seilwedvaart te wen. Ook Pretty Yende met haar optrede by Koning Charles III se inhuldinging en SA Vrouekrieket met hul Vroue T20 Wêreldbeker-eindstryd vertoning. Ons hoop vir 'n groter investering in vrouekrieket.

Hoe die eerbare Kodwa bevorder kon word tot 'n volle minister nadat hy impliseer word by staatskaping, maar Ndlovu, 'n digter, filmmaker en vervaardiger, wat ook daarvan beskuldig word, se Nasionale Orde-toekenning teruggetrek is, bly 'n raaisel.

Minister Kodwa het 'n reuse taak – hy moet die kultuur van die departement, met 'n vakaturekoers einde 2021/22 van 19.7%, verander om kommunikasie op te knap en werklik te luister na die bekommernisse van die bedryf. Daarmee verwys ek nie na die swak terugvoering wat ontvang word op skriftelike vrae of briewe aan die Departement, SASKOK en federasies soos Netbal nie.

Daar is reeds R136.3 miljoen belê in die aanbieding van die 2023 Netbal Wêreldbeker toernooi en R9 miljoen van die 2023/24 Active Nation sub-program is ook daarvoor geoormerk. Tog is daar geen dringenheid om ernstige kwessies soos die misbruik van mag en onbillike prosedures, wat mense se toekoms in hierdie en ander federasies raak, te hanteer nie.

SA het ongelukkig die Statebondspele vir die Skaak Kampioenskap-aanbieding in Gauteng verbeur. Die Departement en SASKOK ignoreer regspraak en weier om die wettige Skaak SA bestuur te erken. Hulle is geskors, wetend dat die onwettige groepering nie hul finansiële state beskikbaar wil maak nie. Geen finansiële ondersteuning aan die wettige groepering, maak skaak vir baie onbekostigbaar en uitsluitend. Net soos figuurskaats waar die maandelikse huur van ysskaatsbane die totale jaarlikse minimale toedeling oorskry.

Die Minister se voorneme om op skolesport te fokus word verwelkom – ontwikkeling en blootstelling aan 'n verskeidenheid sportkodes op voetsoolvlak, met die uitsondering van sokker en netbal, is werklik gebrekkig, wat lei tot swak transformasie. ANC munisipaliteite versuim egter om sportsfasiliteite wat deur die MIG gebou is, in stand te hou. Federasies is verder so onderbefonds dat hulle nie in staat is om verskillende sportkodes binne gemeenskappe in te stel nie.

Minister, ons hoop u kyk met 'n nuwe bril na die Mzansi Nasionale Filharmoniese Orkes. Dit is onglobaar dat hierdie Departement geen probleem het met die moontlike botsende belange van een persoon wat die Hoof Uitvoerende Beampte is van die Nasionale Orkes, KwaZulu-Natal-, sowel as Johannesburg Filharmoniese Orkes, onder voorsitter van die Nasionale Kunsteraad én 'n befondsingsmodel het met geen kriteria of monitering daaraan gekoppel. Die DA se kommer dat die nasionale orkes die volhoubaarheid van streekorkeste negatief sal beïnvloed word bevestig deur 'n klag van Johannesburg Filharmoniese Orkes musikante.

Die DA verwelkom die Departement se bykomende R44.8 miljoen oor die mediumtermyn aan sewe museums om operasionele befondsingstekorte aan te spreek. Kommerwekkend is dat sommige museums met voorheen skoon ouditmenings regresseer het.

Die totale verhoging in die begroting is R52.2 miljoen. Met inagneming van die geprojekteerde inflasiekoers van 4.9%, daal die begroting in reële terme en is die kumulatiewe groeikoers negatief.

Die DA wil weer die Departement aanmoedig om sy vroeëre verbintenisse te hervat met die Davis-belastingkomitee vir die insluiting van die kunste in artikel 18(A) van die Wet op Inkomstebelasting om skenkings aan die sektor aan te moedig.

Die Ouditeur-Generaal het bevind dat gevolgebestuur – ondersoeke na die bewerings van finansiële wangedrag deur departementele amptenare nie gedoen is nie, ook nie monitering oor nakoming van toepaslike sleutelwetgewing. Onreëlmatige uitgawes aan die begin van 2021/22 was R389.9 miljoen. 'n Verdere R59.7 miljoen is in die tydperk onder oorsig aangegaan.

Minister, die DA hoop dat u as nuwe besem inderdaad skoon sal vee.